**DINSDAG 9 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: MARKUS 5:21-43**
**FOKUSGEDEELTE: MARKUS 5:36 (OAV & NAV)**

**Jaïrus – Bly maar net (in die God van wonders) glo!**

Min mense het nog nie in hulle lewe ’n teleurstelling beleef nie. Selfs gelowiges beleef teleurstellings. En wat ’n teleurstelling moes Jaïrus (God verlig) nie beleef het nie. Behalwe dat hy ’n raadslid was, weet ons nie veel van hom af nie.

Uit die gebeure is dit tog duidelik dat hy geweet het watter wonders Jesus al gedoen het, en daarom val hy voor die voete Jesus neer en smeek dat Jesus sy dogtertjie gesond moet maak. Sy poging om by Jesus uit te kom en sy smeking was nie verniet nie – Jesus gaan saam met hom.

Op pad draai Jesus egter eers om na ’n oënskynlike “onbekende” en “onbelangrike” vrou wat vanweë haar siekte uit gemeenskap weggestoot is. Sy vertraag die genesing wat Jesus moet bewerkstellig in so ’n mate dat Jesus “te laat” is. Die oënskynlike “bekende” en “belangrike” man se dogtertjie het gesterf. Boonop sê Jesus dan ook vir hom om *maar net te bly glo*. Dit is dan wat hy gedoen het! Die wonders waaraan hy geglo het, is nie vir hom en sy gesin beskore nie. Sy kind is dood.

Dalk is dit partykeer ook die probleem met ons geloof! Wanneer ons by ’n kruispad in ons lewe kom, staar ons onsself dikwels so blind teen die uitkoms wat die Here vir óns moet gee, dat ons Hóm nie raaksien nie.

Daarom ook vandag die boodskap, ongeag hoe belangrik of bekend ons dink ons mag wees: Sien die wonders van ons Here raak, maar kyk verder, sien Hom raak wat die wonders doen en glo maar net ...

Glo NET in Hom wat mag oor die dood het. Hy wat nie net die dogtertjie van Jaïrus (en andere) uit die dood opgewek het nie, maar vir jou en my die ewige dood met sy sterwe aan die kruis oorwin het.

*Sing: Skrifberyming 14-2*
*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*